

Maandag 14 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 4

Fokusgedeelte: Openbaring 4:1

Die Here Jesus openbaar sy majesteit

Daar is 'n raadsplan van God wat in 'n boek in die hemel opgeskryf is. Hierdie boek is verseël en die seël moet afgebreek word. Jesus Christus die Middelaar is die Een wat hierdie seël moet breek.

Maar voordat die raadsplan van God geopenbaar word, sien Johannes eers 'n hele prosesie wat in die hemel aan die gang is. God die Almagtige verskyn in die hemel op sy troon. Sy verskyning is in hemelse majesteit. Hy betoon Homself met hierdie verskyning as die hoogste Koning en die soewereine Beskikker oor alles wat bestaan. Sy wil bepaal die beweging van elke ding in die hemel en op die aarde. Met sy onweerstaanbare oppermag eis Hy die volle aanbidding van alle mense en engele en wesens wat daar mag wees.

In die openbaring wat Johannes van die oop deur het, is dit duidelik dat Jesus hierdie deur oopgesluit het sodat hy toegang het om sy goddelike opdrag te kan uitvoer. Johannes het toe gehoorsaam deur die deur beweeg en in die troonsaal van die ewige God ingestap. Dit is duidelik dat die oomblik vir Johannes te groot is, want hy kan nie werklik beskryf wat hy sien nie: hy het gesien daar staan 'n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand.

Daniël het ook hierdie troon gesien, maar hy het blykbaar nie die reënboog gesien nie. Dit was in 'n visioen (Dan. 7:9, 10). Esegïel het weer nie die troon gesien nie, maar hy het die reënboog en die heerlijkheid rondom die Here gesien (Eseg. 1:27, 28).

Dit wat die Here aan hierdie drie manne geopenbaar het, getuig van die geweldige omvang van God se heerlijkheid. Dit getuig ook van sy koninklike heerskappy. Dit getuig van sy allesoorheersende mag, maar ook van sy reg en sy oordeel.

Sing: Skrifberyming 18-1:3

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)